# Resensies

Nürenberger, Klaus. 2004. **Biblical theology in outline. The vitality of the Word of God.** Pretoria: LAPA uitgewers. (*J.L. Helberg*) ........ 645

Jones, C. 2004. **Eerste treë na geestelike verdieping. Die vreugde van 'n intieme verhouding met God.** Wellington: Lux Verbi.BM. (*G.A. Lotter*) ........ 649

Joubert, Stephan. 2004. **Vrygespreek!** Vereeniging: CUM boeke. (*B.J. de Klerk*) ........ 650

Pieterse, Lovy. 2004. **Ek het vergeet … my lewe saam met Alzheimers.** Pretoria: LAPA uitgewers. (*M. Venter*) ........ 652

# Resensie

**Nürenberger, Klaus**. 2004. **Biblical theology in outline. The vitality of the Word of God.** Pretoria: LAPA uitgewers.
192 p. Prys: R89,95. ISBN 0 7993 3342 5.

**Resensent:** J.L. Helberg
(Emeritus: Vakgroep Ou Testament,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Nürenberger is ’n afgetrede professor en ’n navorsingsgenoot van die Skool vir Teologie aan die Universiteit van KwaZulu-Natal. Volgens die voorwoord wil hy sy navorsing oor die dinamiek van die Bybelse getuienis toeganklik maak vir die gewone Bybellesers, lekepredikers en eerstejaarstudente in die teologie. Hy bespreek verskillende benaderingswyses tot die interpretasie van die Bybel en dui aan dat ’n mens deur die krag van Bybelse getuienis gegryp kan word, sonder om jou intellektuele integriteit of moderne insigte op te offer. Volgens Nürenberger lei die kragtigheid van Bybelse getuienis tot die drang om die Bybel te hanteer met geestelike volwassenheid, verantwoordelikheid en onafhanklikheid.

Die Bybelskrywers het, volgens Nürenberger, nooit ’n teologiese stelsel probeer ontwikkel nie. Hulle wou “die magtige dade van God” in die geskiedenis van sy volk aandui en wou hulle tydgenote bemoedig, waarsku en lei (p. 1). Die Bybel is nie ’n “liggaam van georganiseerde voorstelle” nie, maar dui op ’n lang proses van verandering, wat sy saamtrekpunt bereik het in die Christus-gebeurtenis en wat sy vervulling sal bereik in God se eie toekoms. Die Woord is ’n boodskap wat ons intrek in God se skeppende gesag, verlossende liefde en omvattende plan vir die wêreld. God se Woord verander ons en ons wêreld en dra ’n taak aan ons op (p. 2, 6). Die Woord is altyd ’n reaksie (*response*) op konkrete menslike behoeftes en word op bepaalde maniere geïnterpreteer (p. 43). In sy verlossende besorgdheid ontmoet God mense waar hulle is, nie net volgens hulle konkrete historiese nood nie, maar ook op hulle begripsvlak (p. 45). In die Bybel gaan dit om die verhouding tussen God en die mensdom, asook tussen die mense onderling (p. 48). Die primêre motief van die Bybelskrywers is nie historiese

betroubaarheid nie, maar tydgenootlike belang volgens die behoeftes in verskillende situasies (p. 49, 62). Die Skrifte behoort tot die verlede, soos ’n fossiel, maar die Woord van God is ’n dinamiese, lewende entiteit – hiervan lewer die Bybelse outeurs getuienis (p. 64,65).

Volgens Nürenberger kom die Woord na ons in verskillende tradisies wat binne die groot samehang gesien moet word. Hy bespreek die verloop en ontwikkeling van verskillende tradisies deur die loop van die Ou-Testamentiese geskiedenis tot in die Nuwe-Testamentiese geskrifte. Elke afdeling word afgesluit met “Lesse vir vandag”. Die volgende opsomming uit sy bespreking belig Nürenberger se benadering:

- **Die beloftes aan Israel se voorvaders** (p. 71-88). Op grond van die persoonlike verhouding met God, verskil die Bybelse tradisie wesenlik van voorvaderverering in Afrika (p. 74-76). Onder “Lesse vir vandag” gee Nürenberger aandag aan die volgende aspekte: toegang tot God: vryheid en verantwoordelikheid; die probleem van patriargie en gendergelykheid; die impak van verlede-oriëntasie en toekoms-oriëntasie op die ekonomie; en toegang tot bronne. Nürenberger wys daarop dat die klem op landbesit verdwyn as gevolg van die omvattende aard van die koninkryk van God. Landbesit hang egter saam met toegang tot bronne en gesag. Universele en gelyke toegang tot God impliseer gelyke toegang tot die bronne van die aarde. Volgens Nürenberger verwerp die Skrifte tradisionalisme met sy klem op gesag, sowel as moderniteit – moderniteit wat alles insuig in die toekoms in, maar wat veral gedryf word deur profyt, bruikbaarheid en plesier. Tradisionalisme kom veral in Afrika voor, maar verkrummel voor moderniteit, wat op sy beurt mense oral in die wêreld vervreem van hulle verhoudings en geen verantwoordelikheid vir enigiets wil aanvaar nie.

- **Die uittog uit Egipte en die verowering van Kanaän** (p. 89-117). Hierdie motief as ’n narratief van politieke bevryding en ekonomiese voorsiening, kom nêrens in die Nuwe Testament voor nie (p. 109). Onder “Lesse” behandel Nürenberger die probleme van groepsidentiteit, bevryding en toegang tot bronne.

- **Die koning as God se verteenwoordiger op aarde** (p. 118-140). Die inhoud van die tradisionele denkrigting van koninklike absolutisme verander na dié waar die regeerder aanspreeklik is teenoor die mense waaroor hy regeer. Op die staatkundige sowel as die kerklike gebied geld hierdie denkrigting vandag nog.

- **Die priesterskap en offers** (p. 141-170). Die Priesterlike benadering neem afskeid van die ou Jahwistiese, profetiese en deuteronomistiese tradisies waarin sonde as die teenpool van geregtigheid gesien is, en beweeg na ’n redenasie in terme van profaniteit en reinheid. Die priester tree nie meer op namens ’n ontfermende God wat deur ’n lydende mensdom beweeg word nie, maar namens ’n God wat aandring op onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan sy soewereine en willekeurige reg (p. 159, 160). In die Nuwe Testament is die dood van Christus nie ’n offer wat God eis oor die mens se sonde nie, maar is dit God se offer aan sy vyande, tot voordeel van die wêreld, die gemeenskap en die omgewing (p. 161-163).

- **Die verbond, wet en genade** (p. 171-205). Volgens Jesus wil God niks vir Homself hê nie. Sy wil is die verlossing van die mensdom (p. 178). Die Pauliniese nadruk op genade eerder as op die wet, is formeel behou in die Deutero-Pauliniese en Pastorale briewe, maar daar is ’n toenemende neiging na morele strengheid en institusionele struktuur – ten koste van die vryheid en verantwoordelikheid van alle gelowiges, soos in die evangelie van genade verkondig word (Gal. 5:13-26) (p. 193). Die Jesus van Matteus “veroordeel blykbaar” die soort vroomheid wat Paulus voorgestaan het (Matt. 5:17-20) (p. 194).

- **Die skepping en herskepping** (p. 207-237). ’n Mens se eie omstandighede bepaal grootliks hoe jy ervaar wat die wêreld behoort te wees. Bevoorregte persone ervaar die goedheid van die werklikheid waarin hulle hulle bevind en vrees die beëindiging daarvan. Hulle neig om behoudend te wees. Minderbevoorregtes beleef egter die teendeel en verlang na verandering (p. 208).

Die Jahwistiese skeppingsnarratief kom uit ’n patriargale sosiale stelsel – dit is nie ’n skeppingsgeskiedenis wat die oorsprong van die wêreld verduidelik nie, maar wat eerder uitdrukking wil gee aan die toestand waarin die mens homself bevind en aan die goeie wil van God (p. 212).

Die Priesterlike bron van die Pentateug probeer om die lewe ná die ballingskap te rekonstrueer met die kultus en die tora as basis. As gevolg van die wydverspreide sosiale chaos, was daar ’n behoefte aan vaste fondamente, duidelike riglyne en sosiale stabiliteit. Eerder as om die motief van “transformatiewe verandering” te gebruik, gebruik die Priesterlike bron die motief van kosmiese orde. Sodoende verkry hierdie benadering ’n onweerspreekbare en onveranderlike aard. God se teenwoordigheid en seëninge is volgens

hierdie bron nie deur die koning bemiddel nie, maar deur die hoëpriester met sy optrede in die kultus (p. 215).

Veral die Evangelie van Johannes verkondig dat dit nie die natuur, tempel, tora of ritueel is wat God se ware aard sigbaar en toeganklik maak nie, maar Jesus. Die *logos* is nie ’n stel beginsels wat ons moet volg om aanneemlik te wees nie, maar God se verlossende selfkommunikasie in Christus. Slegs deur Christus te aanvaar as die middelpunt van ons eie bestaan, kan ons die teenstrydigheid tussen wat ons is en wat ons behoort te wees, oorbrug. Die bedoeling is dat gelowiges sal deel in die waardigheid, mag en verlossende taak van Christus (p. 227).

Nürenberger trek skerp lyne vanaf die bronne wat na sy mening invloedryk was. Hierdie boek laat ’n mens nadink. Die skrywer fokus op aktuele sake en wil die Bybel vir vandag in Suid-Afrika toepaslik maak. Elke hoofstuk begin en eindig met stimulerende vrae. Die boek is in ’n pakkende en stimulerende styl geskryf en wil ’n mens aanspoor om iets aan die liggaamlike, stoflike en geestelike nood van mense te doen. Die kritiek dat die histories-kritiese benadering die Bybel formeel en akademies benader en fragmenteer en dus nie uitkom by die konkrete inhoud, soos die nood van die mense nie, geld dus nie hier nie.

Hierdie boek oorkom egter nie die kritiek oor fragmentering nie. Vir Bybellesers is die teologieë soms verwarrend en selfs teenstrydig. Sommige teologieë soos die Priesterlike tradisie, is selfs misleidend, eerder as ’n lewende reaksie van God se dinamiese Woord. Tradisies is eintlik niks anders as deurdagte en ontwikkelde teologieë nie. Nürenberger praat trouens self soms van die destydse teoloë. Hy gaan egter te maklik oor die teenstrydige antwoorde heen, byvoorbeeld: “They may come up with conflicting answers, but this only shows that the ‘Word of God’ is God’s response to human needs, manifesting itself as human insight in the face of human experiences” (p. 224). ’n Mens sou meer wou sien van die globale aanpak wat veral gedurende die afgelope paar dekades die eenheid van die Skrif in hoofinhoud en onderdele, sterker na vore laat kom.

Die vraag is of die skrywer se uitgangspunt nie sterker teosentries moet wees en uitgebou moet word nie. Is die Woord van God nie méér as ’n antwoord op menslike nood nie, en neem God nie meer inisiatief as om bloot te reageer nie? So ’n benadering vra veel meer aandag vir byvoorbeeld vrae oor die verhouding tussen God se geregtigheid en misdaad.

**Jones, C.** 2004. **Eerste treë na geestelike verdieping. Die vreugde van ’n intieme verhouding met God**.
Wellington: Lux Verbi. BM. 95 p. Prys: R52,95.
ISBN: 0 7963 0213 8.

**Resensent:** G.A. Lotter
(Vakgroep Praktiese Teologie,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Hierdie besondere boek deur Chris Jones, predikant van die NG Kerk Ceresvallei, is geïnspireer uit persoonlike ervarings en die skrywer se eie geestelike groei. As gevolg hiervan het die boek ’n persoonlike aanslag en is die skryfstyl populêr – sonder om aan diepte te ontbreek.

Die boek is in ses hoofstukke verdeel met die volgende opskrifte:

- Oorbrug die afstand
- ’n Intieme verhouding met God
- Ken jouself
- Die noodsaaklikheid van stilte
- Gebed
- Heiligheid

Jones het aspekte van spiritualiteit hanteer sonder om dit ’n spesifieke akademiese kleur te gee of dit só te noem. Dit is die besondere waarde van die boek: dit kan deur elke gelowige gelees en gebruik word in sy/haar eie geloofsgroei. Dit is ook nie ’n boek wat ’n mens eenmalig deurlees nie, maar ’n mens sal dit telkens weer kan gebruik.

Die skryftrant is eenvoudig en duidelik, sonder moeilike woorde. Jones is baie belese en haal ruimskoots ander skrywers wat hy geraadpleeg het aan en integreer dit in sy gedagtelyn. Hy bly Skrifgetrou en gebruik Bybelfigure as voorbeelde – iets waarmee almal kan identifiseer. Dit is verfrissend, aangesien dié tipe boeke dikwels té veel klem lê op die outeur se eie geestelike reis of aan die ander kant, té veel filosofiese of teologiese spekulasies bevat.

Wat ’n besondere vars briesie is, is die klem op *verhoudings*. Deur goeie navorsing wys Jones op die helende effek wat goeie *mense*verhoudings op jou gesondheid het (p. 28) en hy skryf hieroor die volgende: “As intimiteit tussen mense dan tot fisieke sowel as emosionele gesondheid lei, *hoeveel te meer sal intimiteit tussen mens en God geestelike of spirituele gesondheid bring!*”

Die spirituele dissiplines word op ’n gemaklike manier beskryf en ook hoedat dit prakties uitgeoefen kan word, byvoorbeeld deur stil te word voor God, jouself af te sonder en slegs op God te fokus en dan *ongekwalifiseerde gehoorsaamheid* vir God te hê (p. 36).

Jones het self die nadenke en verdieping in sy eie lewe ervaar en skryf die volgende: “Om te ontdek wie en wat jy regtig voor God se *aangesig* is, daardie ‘donkernag-ervaring’, maak mens klein en nederig voor Hom. Maar juis dit bring oorgawe en toewyding aan en verwondering oor God” (p. 50).

Jones ken die wêreld waarin hy en die lesers leef en dui ook die gevare aan – hy noem dit die “moderne ‘moordenaars’ van stil word”, naamlik die hedendaagse gesinsopset, materialisme, meedoënlose reklame en dood deur slegs “brood”. Hiermee kan ’n mens hartlik saamstem as jy self beleef het wat aan jou eie spiritualiteit vreet.

“Hulp met hindernisse”, is ’n praktiese deel wat Jones behandel, asook die belangrike deel oor die gebedslewe en in die laaste hoofstuk gaan dit oor ’n heilige lewe.

Dit is met groot vrymoedigheid dat ek *Eerste treë tot geestelike verdieping* aanbeveel – dit sal elke leser verryk en kan ook met vrug in kleingroepe of Bybelstudiegroepe bestudeer word.

**Joubert, Stephan**. 2004. ***Vrygespreek!*** Vereeniging: CUM boeke. 208 p. Prys: R79,95. ISBN: 1-77000-135-2.

**Resensent**: B.J. de Klerk
(Vakgroep Praktiese Teologie,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Stephan Joubert nooi die leser van *Vrygespreek!* om opnuut te kom ontdek wat hemelse genade is, hoe mildelik dit deur God in Christus aan stukkende mense uitgedeel word en hoe genade ingrypend in die gelowige se lewe werk: die gelowige is tegelyk genadebedelaar en genadeuitdeler. Joubert is ’n bekende teoloog wat veral op die gebied van die Nuwe Testament betekenisvolle bydraes gelewer het. God het hom, volgens sy eie woorde, op ’n unieke manier ook ’n genadebedelaar laat word en dit het ’n besondere verdieping in sy verhouding met die Here teweeg gebring.

Die meeste gelowiges ken die “genade”-begrip baie goed as een van die sola’s uit die tyd van die Reformasie (*sola gratia*) en die woord word dikwels in die alledaagse lewe gebruik. Tog begryp ’n mens nie altyd die omvang van genade nie, en leef dus nie altyd daaruit nie – daarom het die skrywer daarop gefokus om op ’n deurtastende wyse die pad van genade met die leser te loop. Met opset maak Joubert kras uitsprake oor genade, byvoorbeeld “Genade is God op sy heel beste”. Hy maak in sy boek gebruik van die metafoor van ’n reis – ’n reis wat by God begin as die hemelse kragbron agter die genade. Joubert noem dit die “verste en duurste reis wat met genadespoed plaasvind”. God se genade word verpersoonlik in Christus en die spoed waarmee Hy genade aan sondaars uitdeel is “loopspoed” en “stilstaanspoed” om “onverdunde genade” te kan uitdeel. Die motief vir God se reis na die aarde is “God se fenominale liefde vir die verkeerde mense”. Hiermee is genade vir God ’n werkwoord en is die resultaat van sy genadereis na stukkende mense, ’n nuwe status vir begenadigdes voor God.

God stel geen voorwaardes aan genade nie, maar sy genade is so omvangryk en volkome dat elkeen wat dit in die geloof omhels, uitdelers van God se genade word. Joubert beskryf op ’n aangrypende wyse die uitwerking van genade in die kind van God se nuwe lewe. Hy sluit sy boek af deur te beklemtoon dat gelowiges van die begin tot die einde groot vreugde op God se genadepad sal beleef, asook die triomf van genade.

Omdat Stephan Joubert ’n fyn eksegeet is, is die hoogtepunte van die boek sy verklarings van die ter sake Skrifgedeeltes. Op ’n vars en maklik verstaanbare wyse gee hy, in gehoorsaamheid aan die gesag van die Skrif, nuwe perspektiewe op bekende gelykenisse en ander Nuwe-Testamentiese gedeeltes, wat die krag van genade uitspel. Een van die juweeltjies op hierdie gebied en wat ’n sentrale tema van die boek vorm, is sy verklaring van Jesus se unieke gelykenis in Lukas 13:6-9. Hy wys op God se groot genade in Jesus, as die Tuinier wat self die versorging, bemesting en natlei van die vyeboom op Hom neem. Sy gevolgtrekking is die volgende: “Christus neem al die verantwoordelikheid op Hom om sondaars te herskep in kinders van God, wat vrug dra tot sy eer” (p. 85).

Die boek lees maklik, want Joubert gee aan die begin van ’n gedeelte ’n aanduiding waaroor dit handel, sluit aan by sy sentrale tema en gee telkens kort en kragtige samevattings, wat hy dan met een of twee stellings oor genade opvolg. Aan die einde van die boek gee hy ’n volledige weergawe van al die stellings wat in die boek voorkom. Die taalgebruik is deurgaans vars en prikkelend, hoewel

dit soms net té veel opeengestapelde beelde uit ander sfere van die samelewing bevat. Omdat hy deurtastend oor genade skryf, maak hy soms stellings wat vreemd op die ore klink, byvoorbeeld "God doen genade die beste van alles"; of soms ongenuanseerd, naamlik "Godsdiens verkwansel oordeel en straf eerder as genade." Joubert kontrasteer godsdiens ongenuanseerd met genade en bedoel daarmee valse, mensgemaakte godsdiens. Daar is egter tog 'n suiwer godsdiens wat juis voortvloei uit die ontferming en die neerbuigende genade van God (Rom. 12:1, 2) – dit is godsdiens in die sin van 'n "act of worship".

Hierdie goed versorgde boek in twee kleure, is tegnies netjies afgerond en deurgaans prikkelend en Skrifgetrou. *Vrygespreek!* kan aanbeveel word vir elkeen wat soekend is na bevryding van skuldgevoelens, elkeen wat geleer het om net van God se onbeskryflike groot genade te lewe en elkeen wat voel dat sy/haar diens aan die Here oppervlakkig en leweloos is. Dié boek het 'n oop uitnodigende trant vir almal wat God in Christus ken. Dit kan ook vir predikante prikkelende gedagtes bied oor Skrifgedeeltes wat 'n aanleiding tot preke oor genade kan stimuleer. Die uitgangspunte en die standpunte in dié boek getuig nie alleen dat die skrywer buig voor die gesag van die Woord nie, maar ook dat hy eietyds hierdie waarheid kan oordra.

**Pieterse, Lovy.** 2004. **Ek het vergeet ... my lewe saam met Alzheimers**. Pretoria: LAPA Uitgewers.
192 p. Prys: R89,95. ISBN: 0 7993 3342 5.

**Resensent:** M. Venter
(Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Potchefstroom)

Predikante, verpleegkundiges, maatskaplike werkers, pastorale versorgers – mense uit die ondersteunende professies – kry dikwels te doen met aftakeling en verlies in sy vele gestaltes. Kontak met mense wat ly aan Alzheimer se siekte verteenwoordig dikwels een faset van hierdie begeleidingsproses. As opgeleides wat die dinamika en emosionele implikasies van Alzheimer-pasiënte behoort te verstaan, weet diesulkes in hulle professionele hoedanigheid waarskynlik hoe om op sulke situasies te reageer en ondersteunende hulp te lewer. Maar word altyd besef wat die implikasies van Alzheimer se siekte op die naaste gesinslede van die lyer is?

Het die algemene publiek regtig 'n begrip van die emosionele las wat die versorger – gewoonlik die huweliksmaat van 'n Alzheimer-pasiënt – moet dra?

Hierdie publikasie van Lovy Pieterse bied 'n naby-opname en eerstehandse verslag van die wroeging, frustrasie en depressie wat 'n versorger dikwels moet deurgaan.

*Ek het vergeet …* is in die vorm van verskillende dagboek-inskrywings saamgestel en bied 'n ontstellende kyk op die lewe van 'n vrou wat moes kennis neem van die werklikheid dat haar man 'n Alzheimer-lyer is: sy moes teen wil en dank die leisels oorneem en besluite neem. Verder moes sy leer saamleef met die besef dat die woorde "onthou my tog …" en "ek het vergeet …" – frases wat vroeër normale spreektaal was – binne die bedreiging van Alzheimer se siekte 'n sinistere konnotasie verkry het (p. 12). Magteloos moes sy, as die versorger, getuie wees van die verswakking van haar lewensmaat se hoër intellektuele funksies, sy denkproses wat stadiger raak en persoonlikheidsveranderinge wat intree. Gaandeweg moes sy gadeslaan hoe haar man in die skadu's inbeweeg; sy identiteit verloor. In haar hoedanigheid as versorger moes sy met moedeloosheid besef: "Ek ken die siekte se naam. Maar ek weet glad nie hoe om elke stresvolle situasie te hanteer nie" (p. 32). Die ontstellendste van alles was egter die realiteit dat sy 'n "weduwee" geword het – 'n paar jaar voor haar man in werklikheid oorlede is.

Die direkte en indirekte impak van hierdie siekte op 'n naasbestaande word miskien nie altyd besef nie: magteloosheid, die gevoel van alleengelaatheid, noodwendige vereensaming, skuldgevoelens en in die geval van Pieterse self – angsaanvalle en depressie.

Die groot waarde van hierdie maklik leesbare dagboekrelaas oor die impak van Alzeimer se siekte op mense rondom die pasiënt, is dat dit nie 'n kliniese opsomming van feite is nie. Hierdie verslag is 'n dokumentasie van deurleefde emosie en ervaring – 'n neerskryf van ervarings wat 'n sterk appèl behoort te maak op veral predikante en pastorale begeleiers, maar ook op verpleegkundiges en maatskaplike werkers. As pastorale "hulpmiddel" bied hierdie boek weliswaar geen riglyne of "handboek"-inligting nie. Die lees daarvan kan egter bydra dat 'n predikant, pastorale begeleier, verpleegkundige en maatskaplike werker – en veral die algemene publiek – 'n verdere sensitiwiteit kan ontwikkel vir die vrese en frustrasies van 'n Alzheimer-pasiënt én sy/haar versorger.